



GEDRAGSKODE VIR OUERS EN ONDERSTEUNERS

ALGEMENE BELEID

Die deelname aan skool sport is primêr opvoedkundig van aard.

DOEL VAN SKOOLSPORT

Om deelname aan te moedig en om leerders toe te rus met sportmanskap, selfdisipline, selfbeheersing en deursettingsvermoë.

VEREENSELWIGING MET MARAIS VILJOEN

- Ouers en toeskouers moet hulself as verteenwoordigers van die skool sien wanneer hul wedstryde bywoon of hul kinders ondersteun.
- U word aangemoedig om die span waarin u kind speel te ondersteun, asook soveel as moontlik van die ander skoolspanne.

GEDRAG TYDENS WEDSTRYDE

- Positiewe ondersteuning word op prys gestel.
- Ouers en ondersteuners word versoek om hulle te weerhou van negatiewe opmerkings of ongehoorde taalgebruik teenoor skeidsregters, ander beamptes, spelers of ondersteuners van die opposisie.
- Ouers en ondersteuners word versoek om die nodige afstand vanaf die kantlyne te handhaaf en nie binne die speelveld of afgemerkte areas te gaan nie. Tydens krieketwedstryde moet toeskouers nie agter die bouler se rug sit of beweeg nie. Tydens hokkiewedstryde moet toeskouers nie teen die doelhok sit of agter die doellyn beweeg nie.
- Ouers en ondersteuners word versoek om nie op en af langs die veld te stap terwyl 'n wedstryd aan die gang is nie.
- Ouers en toeskouers word versoek om, waar van toepassing, nie binne die tegniese area te kom nie.
- Ouers en ondersteuners word versoek om hulle te hou by die reëls wat vir elke wedstryd of toernooi van toepassing is.
- Ouers en ondersteuners moet die nodige verdraagsaamheid en respek teenoor medetoeskouers en opposisie betoon.
- Ouers en ondersteuners moet so optree dat hulle altyd die skool se beeld na buite sal uitdra en niks doen wat dit skade kan aandoen nie.



BESERINGS

Ouers en toeskouers word versoek om nie op die veld te gaan wanneer 'n speler 'n besering opdoen nie. Indien die afrigter / bestuurder of noodhulppersoneel dit nodig ag, sal die betrokke ouers nader geroep word.

SPANKEUSE

U word versoek om nie in te meng met die afrigter se spankeuse nie. Wenke wat met die regte gesindheid bedoel word, kan wel op die regte tydstip aan afrigters oorgedra word.

KOMMUNIKASIEKANALE

Ouers en ondersteuners kan enige navrae of probleme met die sporthoof of skoolhoof opneem. Probleme kan ook met die betrokke persoon bespreek word, maar nie langs die veld nie. Ernstige klagtes kan ook met die Beheerliggaam (Sport) opgeneem word.

ONS VERSOEK DAT DAAR BY DIE GEDRAGSKODE GEHOU WORD, SODAT SPELERS EN TOESKOUERS HUL SPORT KAN GENIET.

